

The
Investment
Analysts
Journal

Number 1, November 1972

Die
Beleggings-
Navorsers
Tydskrif

Nommer 1, November 1972

DIE BELEGGINGS-NAVORSERS TYDSKRIF

Eerste Uitgawe. November 1972

Omvattende verandering het gedurende die afgelope vyf-en-twintig jaar in die teorie en praktyk van beleggingsontleding voorgekom. Ontwikkel uit 'n basies beskrywende aktiwiteit, wat grootliks op 'n ad hoc basis in die vernaamste finansiële sentra in die wêreld toegepas was, het die dissipline, vanweë sy wetenskaplik-georiënteerde verfyndheid, universeel 'n groter toepassingswaarde verkry en is dit ook met 'n besondere voorspellingsvermoë beklee. Daar is ook 'n beroepsamehorigheid onder ontleders geopenbaar wat organisatoriese uitdrukking gevind het in die rigting van verenigings, (soos ons eie) toegewy aan die sistematisering van kundigheid en die verbetering van tegniese standaarde en optrede van sy lede.

Drie beginsels en verwante faktore was verantwoordelik vir die verandering op hierdie gebied, naamlik:

1. die algemene verandering wat voorgekom het in die ekonomiese en finansiële omstandighede van die meeste Westerse lande, as gevolg van die vooruitgang van tegnologie en institusione-lisering van spaar- en beleggingsaktiwiteite;
2. die verandering wat voortgespruit het uit die ontwikkeling van nuwe analitiese hulpmiddels en metodes; en,
3. die verbetering in die openbaarmaking van inligting wat noodsaaklik is vir behoorlike waardering van maatskappye en sekuriteite.

Elk van hierdie faktore is van belang vir die ontleder in sy doelstelling om geld te maak (of vir sy kliënt of vir homself) en by te dra tot 'n meer effektiewe toedeling van skaars kapitaalbronne. Daarom sal hierdie Tydskrif sy primêre aandag op hierdie faktore vestig. Dit is egter belangrik om hierdie doelstelling verder toe te lig. In die Verenigde State, Brittanje en in ander lande, bestaan daar reeds tydskrifte wat die studie van beleggingsontleding oor die algemeen doeltreffend dien. Die regverdiging vir die instelling van 'n suiwer plaaslike publikasie moet dus die behoefte wees om sake en faktore van Suidelike Afrikaanse belang te behandel en sodoende iets by te dra, tot die totale literatuur oor die onderwerp sonder om te dupliseer.

Die Redakteur

THE INVESTMENT ANALYSTS JOURNAL

First Issue. November 1972

Over the past twenty five years a great change has occurred in the theory and practice of investment analysis. From a principally descriptive activity practised largely in major world financial centres and generally employed in an ad hoc fashion, it has acquired a new predictive importance, has spread greatly in geographical application and has become dominated by a scientifically orientated sophistication. Indeed, a professionalism has manifested itself amongst analysts and this has found organisational expression in the establishment of analytical societies (like our own) dedicated to the systemisation of knowledge and the improvement of technical standards and behaviour.

Three principal and related factors have been responsible for the change in the field, namely:

1. the general change that has occurred in the economic and financial environments of most Western countries because of the advance of technology and the institutionalisation of saving and investment activity;
2. the change that has occurred with the development of new analytical tools and methods; and
3. the increase in the disclosure of information vital to a proper evaluation of companies and securities.

Each of these matters is of concern to the analyst in his aim of making money (either for his client or himself) and contributing to a more efficient allocation of scarce capital resources. It is to these matters, therefore, that his Journal will primarily direct its attention. However, it is important to add a word of explanation to this statement. Journals already exist in the United States, Britain and other countries that serve the study of investment analysis generally and do so very adequately. The justification for the establishment of a purely local publication must, thus, lie in the need to deal with issues and matters of Southern African interest and in so doing to add something, not duplicated elsewhere, to the total literature of the subject.

The Editor